

Naam: Danie Stander

Posisie: Nadoktorale genoot (Ton en Anet Vosloo Leerstoel in Afrikaanse Taalpraktyk)

Gasdosent: professor Ilse Feinauer



Daniël Botha Stander is tans ’n nadoktorale kandidaat van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch. Hy verwerf in 2011 sy baccalaureusgraad in Drama, in 2012 sy honneursgraad in Engels, in 2016 behaal hy sy magistergraad (cum laude) in Engels en in 2019 sy PhD in Engels. In 2014 verwerf hy ’n nagraadse diploma in Onderwys, waarna hy vanaf 2015 tot 2016 skool gee met Engels en drama as vakke. Sy navorsingsbelangstellings – wat hoofsaaklik onder lewensbeskrywing as interdisiplinêre tema saamgegroeper kan word – sluit die volgende in: (outo)biografie, literêre biografie, biofiksie, outofiksie, teater- en *performance*-studie, historiografie, kanonisiteit, vertaalteorie, die geskiedenis van die sonnet en Suid-Afrikaanse letterkunde en geskiedenis.

### Kongresse en navorsingseminare

---

- Genooi om ’n referaat te lewer by SELMA: (Centre for the Study of Storytelling, Experientiality and Memory), in Turku, Finland vir IABA (International AutoBiography Association) se wêreldkongres, “Life-Writing: Imagining the Past, Present and Future” (9-12 Junie 2020). Referaatonderwerp: “The headless Zulu in England: Writing the (after-)lives of spirits in South Africa”.
- Genooi om ’n referaat te lewer by die Universiteit van Tours se Biografievereniging se 60<sup>ste</sup> SAES-kongres/RenaissanceS, “New Departures in Biography” (4-6 Junie 2020). Referaatonderwerp: “The headless Zulu in England: Writing the (after-)lives of spirits in South Africa”.
- Lewer referaat by Universiteit Stellenbosch se USAN 2020 Kongres vir Jong Navorsers (23-24 Januarie 2020). Referaatonderwerp: “Dissidente dogters in die oeuvres van Alba Bouwer en Nerina Ferreira”.
- Referaat gelewer by Universiteit van Tilburg se internasionale kongres, “Beyond Boundaries. Authorship and Readership in Life Writing” (24-25 Oktober 2019). Referaatonderwerp: “Autofiction as children’s literature and the adaptation thereof as defamation: The case of two South African writers – Alba Bouwer and Reza de Wet”.
- Referaat gelewer by “Autofiction – Theory, Practices, Cultures – A Comparative Perspective”, ’n internasionale kongres aangebied deur Wolfson Kollege, Universiteit van Oxford (19-20 Oktober 2019). Referaatonderwerp: “Reza de Wet se *Verleiding* (2005): South African autofiction in the lecture as drama and vice versa”.
- Referaat gelewer by “The Textualities of Auto/biography: or, the Auto/biogrAfrical”, ’n internasionale kollokwium (19-20 Oktober 2017) gehou by STIAS, aangebied deur die Departement Engels (Universiteit Stellenbosch). Referaatonderwerp: “Reza de Wet and the seductions of literary biography”.

- Referaat gelewer by die ACLALS- internasionale kongres aangebied deur Universiteit Stellenbosch se Departement Engels (10-15 Julie 2016). Referaatonderwerp: “Reza de Wet’s gothic performances of South Africa’s colonial past”.
- Paneellid saam met prof Shaun Viljoen, dr Mathilda Slabbert en Francois Olivier tydens ’n navorsingseminaar in Augustus 2013 met akteur Deon Lotz as gasspreker oor Oliver Hermanus se film *Skoonheid*.

## Publikasies

---

- Genooi deur Marisa Keuris en Temple Hauptfleisch om ’n hoofstuk by te dra tot ’n huldigingsbundel oor die Suid-Afrikaanse dramaturg en vertaler Bartho Smit wat in 2021 gepubliseer gaan word.
- Genooi deur die *European Journal of Life Writing* om ’n artikel voor te lê gegrond op ’n referaat gelewer by die “Beyond Boundaries”-kongres wat op 24-25 Oktober 2019 by Universiteit van Tilburg gehou is.
- Stander, D., 2020, “’n Kritiek op normatiewe konstruksies van ouderdom in vier intertekstueel-verbinde tekste: Alba Bouwer se *Stories van Rivierplaas*, Reza de Wet se *Diepe grond* en *African gothic* en Etienne Kallos se *Eersgeborene*”, ’n geakkrediteerde bydrae tot die joernaal *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* se spesiale uitgawe oor dramavertalings en -aanpassings.
- Stander, D., 2019, “’n Biokritiese analise van *Verleiding*”, ’n geakkrediteerde bydrae as boekhoofstuk tot *REZA – ’n Huldeblyk aan Reza de Wet*, wat in 2020 gepubliseer gaan word.
  - Ek is een van die paneellede vir hierdie boek se bekendstelling in Maart 2020 in Stellenbosch.
- Stander, D., 2017, “Reza de Wet – haar lewe en werke”. KKNK-webwerf. <http://tintpro.com.na/reza-de-wet-haar-lewe-en-werke/>
- Het vir die webwerf SLiPnet verslag gedoen oor die volgende gesprekvoerings:
  - “Literary Doyen”: André Brink in gesprek met Victor Dlamini oor *Philida*, 17 Mei 2014, Franschhoek Letterkundefees. <http://slipnet.co.za/view/event/jumping-into-the-dark-of-the-story/>
  - “African Pastoral”: Harry Garuba in gesprek met Dominique Botha, Claire Robertson en André Brink, 18 Mei 2014, Franschhoek Letterkundefees. <https://slipnet.co.za/view/event/the-pastoral-aint-what-it-used-to-be/>
- In 2013 is my kortverhaal “Terug” deur Sonja Loots gekies en vertaal in Engels (as “Home”), Frans en Spaans en aanlyn gepubliseer as die webwerf LitNet se wenbydrae vir PEN Internasionaal se New Voices-kompetisie. <https://www.litnet.co.za/pen-young-voices-2013-terug/>